

Toetrede

Liturgie van die Lig

Lied 224

Kom prys Hom alle nasies.
Kom sing, kom loof die Heer!
Kom prys Hom alle volke.
Kom sing, kom loof die Heer!

*Laudate omnes gentes,
laudate Dominum.
Laudate omnes gentes,
laudate Dominum.*

Woorddiens

Lesing 1: Handeling 16:16-40 (1953)

¹⁶ En terwyl ons op pad was na die bidplek, kom 'n slavin met 'n waarsêende gees ons teë, wat vir haar eienaars deur waarsêery groot wins ingebring het.

¹⁷ Sy het Paulus en ons gevolg en geskreeu en gesê: Hierdie manne is dienaars van God, die Allerhoogste, en hulle verkondig aan julle die weg van verlossing.

¹⁸ En dit het sy baie dae lank gedoen; maar baie ontevrede daaroor, het Paulus hom omgedraai en vir die gees gesê: Ek beveel jou in die Naam van Jesus Christus om uit haar uit te gaan. En hy het op dieselfde oomblik uitgegaan.

¹⁹ En toe haar eienaars sien dat die hoop van hulle wins weg was, het hulle Paulus en Silas gegryp en hulle na die mark voor die owerheid gesleep

²⁰ en hulle voor die regters gebring en gesê: Hierdie manne bring ons stad in opskudding, omdat hulle Jode is,

²¹ en hulle verkondig sedes wat vir ons nie geoorloof is om aan te neem of na te volg nie, omdat ons Romeine is.

²² En die skare het saam teen hulle opgestaan, en die regters het hulle klere laat afskeur en bevel gegee om hulle met stokke te slaan.

²³ En toe hulle hul baie slae gegee het, het hulle hul in die gevangenis gewerp en die tronkbewaarder bevel gegee om hulle sorgvuldig te bewaak.

²⁴ Hy het toe, omdat hy so 'n bevel ontvang het, hulle in die binneste gevangenis gewerp en hulle voete in die blok vasgemaak.

²⁵ En omtrent middernag het Paulus en Silas gebed en lofliedere tot eer van God gesing; en die gevangenes het na hulle geluister.

²⁶ En skielik kom daar 'n groot aardbewing, sodat die fundamente van die gevangenis geskud het. En onmiddellik het al die deure oopgegaan en die boeie van almal het losgeraak.

²⁷ En die tronkbewaarder het wakker geword; en toe hy sien dat die deure van die gevangenis oop was, het hy 'n swaard getrek en wou homself om die lewe bring, in die mening dat die gevangenes ontvlug het.

²⁸ Maar Paulus het met 'n groot stem geroep en gesê: Moenie jouself kwaad aandoen nie, want ons is almal hier.

²⁹ En toe hy lig gevra het, spring hy na binne en val bewende voor Paulus en Silas neer.

³⁰ En hy het hulle na buite gebring en gesê: Menere, wat moet ek doen om gered te word?

³¹ Toe sê hulle: Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.

³² En hulle het aan hom die woord van die Here verkondig en aan almal wat in sy huis was.

³³ En in dieselfde uur van die nag het hy hulle geneem en hulle wonde gewas, en hy is onmiddellik gedoop, hy en al sy mense.

³⁴ Toe bring hy hulle in sy huis en sit hulle 'n maaltyd voor; en hy het hom verheug met sy hele huisgesin dat hy tot geloof in God gekom het.

³⁵ En toe dit dag word, stuur die regters die geregsdienaars en sê: Laat daardie manne los.

³⁶ En die tronkbewaarder het hierdie woorde aan Paulus oorgebring: Die regters het laat weet dat julle losgelaat moet word; gaan dan nou uit en reis in vrede!

³⁷ Maar Paulus sê vir hulle: Hulle het ons in die openbaar onveroordeeld geslaan, ons wat Romeinse burgers is, en ons in die gevangenis gewerp, en wil hulle ons nou in die geheim uitwerp? Volstrek nie! Laat hulle self kom en ons uitlei.

³⁸ En die geregsdienaars het hierdie woorde aan die regters oorgebring, en dié het bang geword toe hulle hoor dat hulle Romeine was.

³⁹ Daarop het hulle gekom en hulle gesmeek en uitgelei met die versoek om uit die stad te vertrek.

⁴⁰ En nadat hulle die gevangenis verlaat het, het hulle na die huis van Lídia gegaan; en hulle het die broeders gesien, hulle bemoedig en weggegaan.

Tema: Waarom sou jy aan 'n gemeente behoort?

Lied 163

Soos 'n wildsbok wat smag na water,
smag my siel na U, o Heer.

U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.

U alleen is my bron van krag;
in U teenwoordigheid wil ek wag,

U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.

Broodjies vir die Pad

Here skenk vandag aan my u genade

- Lig waar ek net donker sien
- Moed waar ek vrees
- Hoop waar ek wanhoop
- Vrede waar my gemoed storm
- Troos waar ek hartseer is
- Vreugde waar ek swaarkry
- Krag waar ek swak is
- Wysheid waar ek verward is
- Sagtheid waar ek bitter is
- Liefde waar ek haat...
- Usself in die plek van myself

Here Here dankie dat U Usself aan my gegee het!

Ek het U hartlik lief o Heer!

AMEN

(NG Lynnwood)

Brood vir die Pad

Dra ander se geloofstaal

2013-01-07

Wilhelm Jordaan, rubriekskrywer van Beeld en buitengewone professor in sielkunde aan die Universiteit van Pretoria, sluit vandag die kerkdebat van die afgelope ses weke af.

Die debat het begin met 'n stelling dat daar in die kerk nie voldoende oop gesprek oor die spanning tussen tradisie en vernuwing is nie. Opvallend was die debatvoerders se oorwegend eerlike standpuntstelling (in briewe en in kort artikels) eerder as kwetsende verwerping en venyn.

Daarom is dit miskien ironies dat juis 'n koerant ruimte vir sulke gesprekke skep terwyl dit ook in die intimiteit van gemeentes onder rigtinggewende kerkleiding behoort te gebeur. Daar was twee prominente temas: Die gesag van die Bybel en Christus se betekenis.

Wat hieronder volg, is bloot kantaantekeninge oor my eie verstaan van dié sake as iemand wat as 'n onverwoesbare binnestander deel van my kerk en my gemeente wil wees. Ek wil nie 'n buitestander, 'n Christen in "ballingskap", wees nie. Ek wil, soos ek lank gelede in my "Blydenius van geloof" geskryf het, vertoef in die gemeenskap van stukkende sondaars wat kniel voor die heiligheid van God; gekoester in die troos dat genade altyd groter is as my sonde en geskiedenis.

...

Tradisie sê die Bybel is letterlik God se onfeilbare Woord; die resultaat van God se direkte "ingewing" aan mense wat as "werktuie" vertel en geskryf het; as't ware gedikteer deur die Gees. Kerklike leerstellings en geloofsbydenisse, en

dan sekerlik ook Sondae se preke, is op dié Woord gegrond en het daarom afgeleide gesag.

Daarteenoor 'n vernuwende standpunt. Die "Bybelskrywers" is deur hul geloof in God geïnspireer om te vertel wat hulle gehoor en gesien het en om neer te pen wat hulle beleef het. Dié vertellings – byvoorbeeld verhale, geskiedenis, profesieë, wysheidspreuke, psalms en poësie – is eg menslike belewenisse en voorstellings van hoe God is. En dit kom uit die verlange na God se teenwoordigheid in die wêreld en in jou lewe.

Die Bybel verteenwoordig dus mense se verstaan van God in bepaalde kultuurhistoriese tye; met aantoonbare beïnvloeding deur die destydse omramende kulture se verhale en godsdienste.

Die teoloog Ferdinand Deist was glashelder oor dié saak. Hy moes op 'n Sondag preek en merk toe die kanselkleedjie wat lui op: So spreek die Here. Hy klim toe van die kansel af, gaan staan op die "grondvloer" en sê: "Wie nou hier spreek, is ek, Ferdinand Deist. Maar ek glo dat ek as kind van die Here deur my geloof, toewyding en voorbereiding iets het om te sê wat geïnspireerd is en wat ander kan inspireer."

Dié benadering bevestig die Bybel se belangrikheid as 'n steeds voedende grondteks wat terselfdertyd kritiese herinterpretasie vra om aan te sluit by hedendaagse behoeftes aan singewing by mense met 'n (post)moderne wêreldbeeld. Net soos wat fliekregisseurs telkens nuwe vertolkingsmoontlikhede in Shakespeare se dramas raaksien en verbeeld, so kan teoloë, predikante en ander gelowiges steeds uitgebreide en opwindende lewenstoepassings in die Bybel vind.

Soos die Nederlandse predikant Nico Ter Linden dit doen in sy boek *Het verhaal gaat...* Die boektitel se onvoltooidesin is veelseggend; met die implikasie dat die menslike verstaan van God nimmereindigend, soekend voortduur.

God is dus 'n ontvouende misterie. Soos 'n bekende Bybelverhaal te kenne gee – waar God op 'n vraag van Moses sy naam verskaf: "Ek is wat Ek is."

In die antieke Hebreeus is die werkwoordvorm in die onvoltooid teenwoordige tyd (in Engels die veelseggende "present continuous tense"). Waarmee die Eksodus-skrywer(s) en redakteurs dalk wou sê: God was, is en sal wees; immer ontvouend in die tyd.

Wat ook sê: Ons weeg, laat weg, voeg by en brei uit op bestaande Bybelgedeeltes. Dít is opwindende geloofswerk. Daaruit kom, soos die Nederlandse priester-digter Huub Oosterhuis reken, "een nieuwe taal die je spreekt om niet heeltmal te hoeven zwijgen".

Wat só gedoen word, kan verstaan word as aanvullende, voorlopige maniere om sin aan jou geloof in God te gee in die hedendaagse wêreld. En wat versoenbaar is met jou lewensondervinding, kennis, opleiding en die lees van baie soorte letterkundige, wetenskaplike en godsdienstekste.

...

Christus se betekenis, die tweede prominente debatstema, is dikwels die hart van die spanning tussen tradisie en vernuwing.

Tradisie se standpunt oor Christus staan vas: Hy is die Seun van God, gebore uit die maagd Maria. Hy het uit die dood opgestaan (die “graf wás leeg”); en het opgevaar na die hemel ... ; soos dit byvoorbeeld aangeteken staan in die eeue oue Apostoliese Geloofsbelijdenis. Vir tradisievastes is dit ’n ontwyfelbare (ook ononderhandelbare) sekerheid. Daarsonder is geloof leeg en is jou Christenskap verdag.

Baie mense het al die kerk verlaat en hul geloof verloor omdat ’n belijdenis soos dié vir hulle onaanvaarbaar is.

Nog ander vernuwers beleef dié belijdenis as lewensvreemd en tog wil hulle die “saak van geloof” nie versak nie. En sommige doen dit deur die “versoening” van tradisietaal en ’n nuwe taal.

Dit behels byvoorbeeld die bereidwilligheid om saam te leef met teenstrydigheid en dubbelsinnigheid; en met ou tekste se eietydse betekenis moontlikhede. Daaruit kom “en-en” eerder as “óf-óf”-denke – ’n bewussyn van dubbele moontlikhede; “ja” vir tradisie en vernuwing.

Toegepas op die Apostoliese Geloofsbelijdenis: Dié belijdenis is die geloofstaal van die kerkvaders eeue gelede en dit is ook die taal wat jy van moedersknie af leer ken het. Jy verbly jou daarin en sê dit met oortuiging na as ’n kosbare geloofsvormende geskiedenis waarsonder jy nie wil wees nie.

Andersyds, en terselfdertyd: Die misterie rondom die idee van God dwing jou tot ’n altyd soekende en verantwoordbare verwondering om nuwe geloofsinhoude te formuleer wat jou die troos bring dat jy nie buite geloof staan nie.

Vir sommige vernuwers is twee van Jesus se vrae aan sy dissipels deurslaggewend. Eers vra Hy: “Wie, sê die mense, is die Seun van die mens?” Hulle antwoord hom. En net daarna: “Maar julle,?... wie, sê julle, is Ek?”

Jesus, wat homself nooit direk Seun van God genoem het nie, gee nie ’n antwoord nie, maar loof Petrus vir sy antwoord. Dit kan verstaan word as Jesus se oop uitnodiging wat verby al die eeue steeds geld.

En daaruit kom baie soorte toelaatbare antwoorde wanneer mense bemoeienis maak met Christus se betekenis in hul lewe?–?hetsy in ’n sukkelende gebed; ’n biddende stameling; ’n verblindende oomblik van verwondering; in ’n historiese studie oor Jesus sonder pa in Galilea; in ’n twyfelvraag; ’n gedig, in ’n fliëk, musiek of skildery; met trane in donker nagte vol ang; in ’n kerkdebat; deur ’n ou of nuwe belijdenisskrif enso(bemoeiend)voort.

Vir nog baie ander vernuwers is die belijdenisse en leerstellinghede se korrektheid van veel minder belang as die vraag of jou lewe op Jesus se prediking en leefwyse gegrond is. Hulle doen iets vir mense in nood eerder as om te hard oor fyn teologie en korrekte geloofswoorde te dink.

...

Die laaste weke se debat het bevestig geloof kom in baie gestaltes en genres. Wat moet ons dan maak met die verskille én geskille tussen tradisievastes en vernuwers?

Die Katolieke teoloog Hans Küng se segging is betekenisvol: “The totality of faith consists in the integrity of commitment and not in completely correct propositions.

And that commitment can be entire and unreserved even though something false is said at the same time.”

Geloofstoewyding bring dié vraag: Is geloof, hoe seker of wankelend ook al, sentraal in jou lewe; ’n opeisende lewenskrag wat neerslag vind in alles wat jy is en doen? Leef jy die liefdesewangelie van Christus uit in die ryk skakerings daarvan?

Verdraagsaamheid is die hart van die “integriteit van toewyding”. Want juis jóú toewyding se integriteit moet ’n ánder se integriteit van toewyding moontlik maak, waarborg en laat gedy. Maar ons gaan gevaarlik, ’n bietjie liefdeloos, met verdraagsaamheid om.

Verdraagsaamheid se betekenis is inderdaad dunnerig in Afrikaans. Dit beteken dinge soos “duld” en “uitstaan”, wat verstaan kan word as lydsame, passiewe aanvaarding in die trant van: Ek laat jou maar praat en begaan, maar eintlik hoor ek jou nie.

Die Latynse oorsprong van verdraagsaamheid (“toleransie”) suggereer drie eienskappe van verdraagsaamheid: “om te verduur”; “om op te tel” en “om te dra”. Alles saam geneem, skep verdraagsaamheid ’n veilige ruimte waarmee jy sê: Terwyl ek ánders as jy dink, dra ek jou geloofstaal saam asof dit myne is, en daardeur verstaan ek beter hoekom jy dink soos jy dink en doen soos jy doen. Juis daarom kan ek nie, wil ek nie, jou geloofstaal geringskat of minag nie. En ek let eerder op die integriteit van jou toewyding as op die vraag of jou geloofstaal so “korrek” soos myne klink.

Sulke verdraagsaamheid bring mee dat tradisievastes en vernuwers geborge en verwonderd voor die geheim van God kan staan – langs mekaar en nie teenoor mekaar nie; met geboë hoofde, nie met gebalde vuiste nie.

<http://m.news24.com/beeld/In-Diepte/Nuus/Dra-ander-se-geloofstaal-20130107>

Wegsending

Lied 266

Ons Vader wat woon in die hemel,
geheilig sy u Naam.

Laat u ryk kom, u wil geskied
soos in die hemel so ook op die aarde.

Gee ons vandag ons dag se brood
en vergeef ons al ons skulde,
net soos ons vergewe dié wat teen ons sondig.

Laat kom ons nie in die versoeking,
maar verlos ons van die Bose.

Van U is die ryk en die sterkte en die ere,
vir ewig en ewig, amen.

Vir ewig en ewig, amen.